

**Notule van trustee vergadering gehou op
2 Februarie 2013 the Crowthorne Lodge, Kyalami**

Present:	Present:	Apologies:
Andre Stewart	Leandra van Wyk (LRE)	
Hennie Grobler	Faan van Emmenes	
Robby van Wyk	Sarel Brink	
Johan van Emmenis	Monique Brink	
Blackie Swart	Carol Grobler	
Dirk Winterbach		
Wentzel Stewart		

Item	Details	Person Responsible	Due Date
1.	<p>Notice of meeting and quorum: Notice of the meeting had been given and a quorum present.</p> <p>Leandra asked to record the meeting – everyone agreed. Andre asked everyone to turn their phones off or switch it to silent.</p> <p>Leandra asked if we can do the minutes in both languages – everyone agreed.</p>		
1.1	<p>Attendance register, opening and Welcome: The Chairman, Andre Stewart, welcomed the members present. He welcomed Mr Lester from Blue Magnolia Insurance Brokers who is responsible for the insurance on Anchors Aweigh. Lester undertake to do a survey at Anchors Aweigh to ensure our replacement values is correct – they will do this free of charge – and give us a written report before the next budget meeting in August 2013</p> <p>He emphasised the owners responsibility to ensure any additional lapa, carport, fire fighting equipment, etc. is insured and said it can be paid per annum or may be included as a monthly instalment with an owners levy payment.</p> <p>He want to work more closely with the building manager – and will make contact with Leandra Real Estate in this regard.</p>		

2.	<p>Appointment of Trustees Portfolios. Chairman: Andre Stewart Financial Committee: Johan, Blackie and Hennie Insurance: Dirk Negotiation: Dirk, Blackie and Johan Communication: Blackie, Johan Building and terrain: Robby, Andre, Wentzel Rental: Blackie and Wentzel</p>		
3.	<p>Trustee Meeting dates for the year: Safari Meeting - 29-30 March 2013 –Anchors Winter Meeting – 15 June – Jhb Budget Meeting – 10 August – Anchors Spring Meeting – 10 October – Jhb Pre –AGM trustee meeting - 21 December – AGM - 21 December – 2013 - Anchors</p>		
4.	<p>Approval of the minutes of previous trustees meeting which was held on 13 October 2012 at the offices of Status Mark: Hierdie notule is gesirkuleer deur Sue, maar was daar nie 'n afskrif beskikbaar om goed te keur nie – Johan kry een op sy laptop wat deur Dirk geprint word – word geskuif na bespreking 9 van die agenda.</p>		
5.	<p>Hennie noem dat die eindbalans R139 788.00 was by Status Mark. Hulle het reeds 2 betalings aan Leandra Real Estate gedoen – een van R100 000 en een van R20 000 – Daar is nog hier en daar betalings wat by Status Mark gedoen word, maar sal hulle dit oorplaas na Leandra Real Estate. Leandra noem dat die huidige balans soos op 2 Februarie 2013 R185 437.87 is. Hennie se dat fondse benodig vir Faan goedgekeur is vir Februarie - Leandra het bevestig dat sy reeds vir Faan sy fondse benodig oorbetaal het. Johan het gevra dat die benoeming kodes t.o.v. hierdie fondse asb reg moet wees ter wille van allokering t.o.v. die begroting. Andre versoek die finansiële komitee om hierdie aspek met Leandra uit te sorteer.</p> <p>Ben Hechter se R342.60 vir installasie van kragmeters en verkoop van kragkaarte kan uitbetaal word. Leandra Real Estate sal hierdie in die toekoms hanteer. Blackie noem dat Leandra Real Estate hierdie “kickback” kan kry wanneer hulle die kragverkope hanteer.</p> <p>Die bedrag van R5 975.00 is goedgekeur vir die verskaf van die kamerasisteem vir sekuriteit – hierdie sluit nie installasie in nie –</p>	LRE/Johan	

<p>Iemand sal hierdie kamera moet monitor – verkieslik by die bestuursagent – die “recording” kan nie in die sekuriteit se kamertjie wees nie.</p> <p>Wentzel het genoem hy het ’n kwotasie ook gekry in die verband by Bitel vir die verskaf en installering van so ’n sisteem. Sal deurgee aan LRE</p> <p>Hennie doen navraag oor die elektriese werk wat oor die Desember tydperk gedoen is. Andre bevestig dat alle werk reeds gedoen is, en fakture in die verband is reeds uitbetaal deur homself en moet teen sy heffings teruggeskryf word.</p> <p>Hennie benadruk die feit dat geen kwotasies uitbetaal sal word nie – slegs fakture.</p> <p>Datum van heffingbetalings word bespreek – dit word vasgemaak dat eienaars tot die 7e van ’n maand tyd het om hul heffings te betaal – indien teen die 7e nie betaal is nie – sal ’n sms gestuur word – indien teen die 14/15e nie betaal is nie, sal ’n “arrear letter” uitgestuur word en hul krag sal dan afgesny word. Die brief sal spesifiek se dat hul krag gesny gaan word. Die eienaar sal verantwoordelik wees vir die admin fooi t.o.v. kostes van die sms, briewe en krag afsny en aansit.</p> <p>Die finansiële komitee verwag teen die 14e/15e die levy roll, arrears list, advance list en owners statement compare to budget.</p> <p>Leandra vra oor die 24% rente op agterstallige lewies – Johan bevestig dit is 24% per jaar. Leandra het hierdie aspek aan al die trustees deurgegee en het niemand gereageer in die verband nie – Op grond van die resoluë wat in November 24% gespesifiseer het wat deur Status Mark aan LRE deurgegee is – is daar gedurende Januarie toe 24% rente gehef op alle uitstaande heffings.</p> <p>Eenheid 44 se krag is afgesit a.g.v. agterstallige heffings – net na registrasie – hulle was nie bewus van hoe die heffings werk nie – en het met Status Mark onderhandel in die verband – dit wys egter steeds op hul staat – en is hulle glad nie gelukkig oor die situasie nie. Andre bevestig dat die bedrag van hul heffing afgetrek kan word.</p>	<p>LRE</p> <p>WS</p> <p>LRE</p>	
--	---------------------------------	--

Leandra bespreek eenheid 43 wat 'n oorbetaling gedoen het, en wat nie deur Status Mark deurgegee is nie – Sue het laat weet dat 'n kredietnota aan hom uitgereik moet word. Leandra noem dat Status Mark nie daardie “arrear letter” foie dan van Anchors se rekening kan verhaal nie.

LRE sal dit met Status Mark uitsorteer.

Andre stel voor dat LRE **uitklaringsyfers moet gee tot die einde van die finansiële jaar.**

Leandra vra dat die finansiële komitee geduldig moet wees t.o.v. die oornam van Status Mark na Leandra Real Estate – Blackie, Andre en Johan se hulle verstaan en bied hul hulp aan.

Blackie komplimenteer **Status Mark** vir die wyse waarop hulle Anchors Aweigh bestuur het – veral in ag geneem die afstand tussen Status Mark en Anchors Aweigh.

Hennie het aan LRE 'n **lys van kragmeters** (met hul eenheidnommers) gegee – en sal dit deurentyd saam met Leandra opdateer.

Blackie wil weet waar is die ekstra meters – Faan bevestig dit is by Ben Hether.

Blackie vra wat het geword van die situasie t.o.v. die ou meters wat weg is. Dit is weg – niemand weet waar dit is nie – Robby se dit is onaanvaarbaar – en growwe nalatigheid – Andre beklemtoon dat Faan en Ben die meters moet uitsorteer – watter eenheid watter meternommer het – en waar al die meters in moet wees. Andre versoek Faan om te verseker dat hierdie aspek t.o.v. die meters teen einde volgende week 8 Februarie 2013 afgehandel en aan LRE deurgegee sal word.

Leandra het gevra hoeveel eenhede het nog ou kragmeters. Wentzel noem tussen 5-7

Blackie se enige item met sigwaarde moet weggebere word – die persoon wat dit aanneem moet die verantwoordelikheid daarvoor neem. Almal stem saam.

Andre bespreek 'n **spesiale heffing**: Tydens die AGM het Andre aan die eenaars teenwoordig deurgegee dat ons 'n inspeksie ontvang het van die gesondheidsinspekteur

FvE

t.o.v. die Riool en die rioolpompe. Hy het mooi aan hom verduidelik hoe dit werk – die inspekteur het foto's geneem en het ons die inspekteur se verslag teruggekry en sal dit aan almal deurgee. Die pompstasie is gesamentlik deur Andre en Faan uitgesorteer. Andre se ons sal moet 'n **"special levy"** hef soos op die AGM deurgegee t.o.v. die beveiliging van die pomphuis en pyplyne se aanle na die pompstasie. Andre het 2 kwotasies gekry vir al die parte – krane, "valves", pyplyne, ens. 2 Kwotasies – een van G & G Services en een van Stewcon Construction. Hy stuur dit om vir al die trustees om dit na te gaan.

Andre stel voor dat elke **eenheid R500 "special levy" moet betaal**. Dit sal dan ook die kostes dek vir die **herstel en volmaak van die Reservoir –met die nodige pypleiding** - hy benadruk die krisis t.o.v. watergebrek in Margate, Balito, ens. – anchors aweigh het die reservoir wat vir 2-3 weke water kan voorsien - Hy vra die finansiële komitee of daar fondse beskikbaar is en of 'n spesiale heffing ingestel moet word. Hy bevestig dat hy wel hierdie situasie so aan die eienaars meegedeel het op die AGM. Die trustees mag nie meer as R40 000 spandeer nie – en is hierdie 'n noodsaaklikheid wat hanteer moet word.

Johan stel voor dit kan oor 2/3 maande betaal word – veral vir mense wat swaar kry en wat slegs van hul pensioen leef.

Robby vra of dit R500 per eenheid moet wees en of alle eenhede die spesiale heffing per PQ moet betaal. Hennie en Andre bevestig dat dit sal moet per PQ gedoen word.

Andre versoek die Finansiële komitee om dit te bespreek.

Blackie versoek a ton onself te beskerm moet ons kwotasies kry op 'n regverdige wyse – sodat daar nie vingers gewys kan word nie – Johan stel voor dat die kwotasies geseel by LRE se kantoor ingehandig moet word en dan aan die trustees deurgegee word. Robby wys daarop dat dit nie altyd die goedkoopste kwotasie is wat die beste is nie – en a tons deeglik na kwotasies sal moet kyk. Andre en Dirk stem hiermee saam.

Hennie se dat die finansiële komitee die

Fin komitee

	<p>spesiale heffing sal bespreek op hul volgende vergadering – 15 Februarie. Johan stel voor dat die eienaars ingelig moet word dat 'n spesiale heffing verwag kan word – in die nuusbrief!</p>	<p>Finansiele komitee</p>	
<p>6.</p>	<p>Insurance: Ons het reeds die versekering hanteer. Dirk het niks om by te voeg nie.</p>	<p>dirk</p>	
<p>7.</p>	<p>Building Committee: Andre – afdakke is uitgesorteer. Dit is geallokeer aan Faan, Ben Hechter, Cliff Streak, Oom Kas Klopper. Andre vra of Leandra al vir die huurders 'n faktuur gestuur het vir die jaar se huur van die afdakke – Leandra se nee – aangesien die nuwe tarief nog nie vasgestel is nie.</p> <p>Daar word algemeen aanvaar dat al die huur verhoog word met 10% - en sal alle huurders hul fakture dienooreenkomstig ontvang.</p> <p>Dit is:</p> <p>Kantoor – Leandra van Wyk Boonste Kerksaal – AGS Onderste Kersaal – Volle Evangelie Salon – Lynn Gradwell Afdak 1 – Ben Hechter Afdak 2 – Cliff Streak Afdak 3 – Faan van Emmenis Afdak 4 – Oom Kas Klopper Stoorkamer skiboot klub – Andre Stewart Stoorkamer skiboot klub – Faan van Emmenis Stoorkamer agter salon – Faan van Emmenis Garage – Oom Johnny Potgieter Stoor 1 – Robby van Wyk Stoor 2 – Robby van Wyk Stoor 3 – Wentzel Stewart Karavaanpark – grond – Robby en Leandra van Wyk</p> <p>Leandra versoek dat 'n amnestie periode ingestel moet word om eienaars die geleentheid te bied om hul eenhede se planne, toestemmings, ens. in te dien en in plek te kry. Andre stel eerder voor dat LRE elke eenheid sal ondersoek en versoek dat 'n brief dan na die eienaar gestuur sal word met spesifieke uitwysings – die eienaar sal dan geleentheid gegun word tot die einde van die finansiële jaar om regstellings te doen – en aan trustees deur te gee vir die nodige toestemming.</p>		

<p>Almal stem saam dat hierdie 'n goeie idee is om alle administrasie van Anchors Aweigh op datum te kry. Hierdie sal in die nuusbriëf ook aangespreek word.</p>		
<p>Andre versoek dat LRE met hierdie situasie ook dryfkrag aan die dag sal le soos met die uitstaande resolusies.</p>	LRE	
<p>Andre se daar mag nie boetes gehef word teen eienaars indien dit nie in ons reëls geregistreer is nie, slegs 'n administratiewe fooi.</p>		
<p>Blackie vra waar die huidige kantoor is. Leandra verduidelik ons moes die kantoor skuif na die winkelgebou aangesien die kantoor geleë het – en die masjiene te duur is om dit daar te los.</p>		
<p>Robby stel voor elke huurder by die skiboortklub moet sy eie kragmeter he. Andre stel egter voor dat hy, Faan en Oom Pottie dit onder mekaar sal uitsorteer en een meter tussen hulle sal installeer.</p>	Andre	
<p>Faan bevestig dat die buiteligte op die stoep by die skiboortklub nie deur die meter van die kerk gaan nie.</p>		
<p>Andre is van mening dat die Volle Evangelie Kerk nie die gebou onderhou soos hulle moet nie.</p>		
<p>Leandra versoek dat die AGS kerksaal ontruim moet word oor Desember tydperke. Andre stel voor dat ons nie hierdie mense ontwig en dan as huurders verloor nie – maar eerder die grootsaal bo moet skoonmaak en tot ons oord se eienaars beskikbaar stel. Blackie stel voor ons kry Action Cricket of Netbal hierby betrokke.</p>	Faan	
<p>Leandra versoek dat die AGS kerk hul badkamer vir LRE en die winkel beskikbaar stel vir gebruik. Andre bevestig dat die kerk weet die body corporate het steeds vruggebruik en moet hulle net per briëf in kennis gestel word dat die badkamer skoongehou sal word, maar dat dit gebruik mag word.</p>	LRE	
<p>Robby versoek dat hulle na die meters van die salon, winkel en kerk moet kyk aangesien hy hierdie maand al R1500 se krag gelaai het – die salon se meter op 0 eenhede</p>	Faan	

	<p>staan en dan werk hulle waaiers en brand hulle ligte.</p> <p>Andre se situasies/probleme soos hierdie moet direk aan Faan gerapporteer word sodat dit onmiddelik uigesorteer kan word. Faan onderneem om dadelik hieraan aandag te gee.</p>		
<p>7.2</p>	<p>Eenheid 71 Andre beskryf die eienaar se voëltjehok wat huidiglik by die diereplaas is 1 x 1.5m en 600mm van die grond af.</p>	<p>LRE</p>	
	<p>Robby noem dat hy nie 'n probleem het met die voëls nie, maar met die feit dat dit in konflik is met ons huisreels – en dat ons sal moet kyk om hierdie huisreels te verander en aan te pas.</p> <p>Andre se dat die trustees dus toestemming vir die bou van die hok gee en vir die verskuif van die voëls tot die AGM en dat daar dan sal gekyk word na die wysiging van hierdie reel</p> <p>Hulle het nie 'n probleem met die voëls nie – dit lok weer ander voëls.</p>		
<p>7.3</p>	<p>Eenheid 131 Andre se die reels se wit of waxall – of as die eienaar dit 'n ander kleur gevef het, moet hulle daardie verf self onderhou.</p>	<p>LRE</p>	
	<p>Almal stem saam dat ons die eienaar sal nader en sal versoek dat ons dit die regte kleur verf – en dan sal die oord dit vir hulle verf.</p> <p>Verfskedule – Leandra versoek Faan om deur te gee watter eenhede gevef is sodat ons briewe aan daardie betrokke eienaars kan deurgee om hulle in te lig in die verband – en om selfs foto's van die eenhede op ons Anchors facebook blad te plaas.</p> <p>Blackie stel voor dat Faan nie net sy verfskedule moet deurgee nie, maar ook sy verf, bou, dakke, ens. – beraming moet deurgee aangesien dit sal help met toekomstige begroting.</p>	<p>Faan</p>	
<p>8.</p>	<p>Communication/Correspondence Leandra received a quotation for uploading of a new website for R1000.00 – The hosting will be R75.00 per month and the designing will be</p>	<p>LRE</p>	

<p>9.</p>	<p>done by Monique (unit 145) and Michelle (unit 50) Monique will find out about registration of a different domain.</p> <p>This new website and hosting is approved.</p> <p>Negotiating Committee Dirk will be handling the Torgos case and Johan will assist him. They will be in contact with Bonthuys Attorneys in this regard.</p>	<p>Dirk</p>	
<p>10.1</p> <p>10.2</p> <p>10.3</p> <p>10.4</p>	<p>Legal Matters: Stowell and Co. Re-registration of Units Leandra did make contact with them - Rory Conway did confirm they have submit to the council – the application for condonation for the Relaxation of the Building Line. Andre noem dat hy 'n kwotasie ook gekry het by Hudson, Naude en Kirby – (Piet Naude) – en dat Rory slegs die verslapping moet afhandel en moet ons dan met Piet Naude kontak maak aangesien hulle redelik goedkoper is met die herregistrasie van die eenhede.</p> <p>Torgos: - Dirk, Johan, and Blackie will be handling the Torgos matter.</p> <p>Consents from owners outstanding (to de-register 51-49%)</p> <p>Leandra verduidelik dat alle eienaars toestemming verleen het, behalwe eienaars van eenhede 152 en 153 en 136. Andre se dat hy nie dit sal afteken nie op grond van 2 redes – A.g.v. die Torgos sake asook die verslapping van die boulyn. Hy is van mening dat indien die eienaars nie hul samewerking in die verband gee nie, kan die 51% stem tot die kompleks so voordeel strek.</p> <p>Dirk, Leandra, Robby, Blackie – noem dat hulle teleurgesteld is oor die feit dat Andre met elke vergadering hierdie kwessie gedryf het, en nou is hy een van die enigstes wat nie sy resoluëie onderteken nie.</p> <p>Andre onderneem/waarborg om na afhandeling van die Torgos kwessie wel sy resoluëie te onderteken.</p> <p>Blackie beklemtoon egter dat Andre 'n punt beet het om wel op so wyse die Torgos sage</p>	<p>LRE</p> <p>Dirk</p>	

	<p>afgehandel te kan kry – aangesien ons nie altyd die eenaars se samewerking in die verband het nie.</p> <p>Blackie het gese die Torgos en Resolusie is nooit gedryf nie, omdat niemand die tyd het om aandag daaraan te spandeer nie. Hy was teleurgesteld in Status Mark aangesien daar aanvanklik slegs 11 eenaars se stemme uitstaande was en by nadere ondersoek het dit getoon dat daar in werklikheid bykans 50 uitstaande is – veral verbandhouders.</p> <p>Johan word deur Andre op die onderhandelingskomitee bygesit – veral in die lig gesien dat hy in Rustenburg woon waar die Prokureurs wat hierdie aangeleentheid hanteer gesetel is.</p> <p>Andre se dat ons die verbandhouders (banke) per geregistreerde pos moet versoek vir hulle stem t.o.v. Torgos – hulle het dan 30 dae om hul toestemming te gee – indien hulle nie reageer nie, mag ons (soos voorgeskryf deur die deeltitelwet) ag dat hulle wel toestemming gee.</p> <p>Dirk sal dit op homself neem om Torgos te dryf.</p>	<p>LRE</p> <p>Dirk</p>	
<p>11.</p>	<p>Report by Resort Contractor:</p> <p>Faan bedank almal vir hulle ondersteuning sedert sy aanstelling.</p> <p>Hy se veral vir Andre, Wentzel en Robby dankie vir hulle hulp op die oord.</p> <p>Faan bespreek sy kontrakteursverslag van Januarie 2013</p> <p>Hy het eenhede 75, 74, 50 en 51 geverf en is besig met eenheid 73.</p> <p>Leandra versoek dat hy fotos moet deurgee van eenhede geverf/afgehandel – briewe sal aan eenaars deurgegee word en sal dit ook op facebook geplaas word.</p> <p>Faan noem dat hy gaan hou by Tom se verfskedule. Hy noem dat hy ook die muurtjies by die eenheid geverf het. Almal bedank hom hiervoor aangesien dit 'n seer oog</p>		

is.

Eenheid **nommer 5** se dak was oor Desember so half gedek – die voorkant is klaar gedek – daar is min werk oor t.o.v. die dak dan is hy ook klaar.

Blackie se eenheid - **63 (dak)** lek en sal binne die volgende week afgehandel word.

Eenheid 19 (Danie Benn) het ook gese sy dak lek – lyk of die nock gekraak is – terwyl hy besig is met eenheid 5 sal hy sommer daai probleem uitsorteer.

Flip Potgieter het gebel en gese sy dak lek sleg – Faan noem dat hy vir Annetjie gevra het of die dak lek – indien dit wel lek sal hy aandag aan die dak skenk.

Hy se dat dit nie te se is as die draad op 'n dak wys dat dit lek nie – indien die drade te veel uitsteek sal hy dit verwyder.

Eenheid 31 het 'n brief gestuur dat sy dak lek - Faan sal aandag daaraan skenk.

Faan noem dat daar tussen **4000 – 5000** bondels gras beskikbaar is – en reken hy dit sal genoeg wees vir Februarie. Wentzel noem hy het ook 4000 beskikbaar wat hy vir Faan kan leen indien dit te min is. Andre se dat dit belangrik is om **vroegtydig te bestel** indien die gras min is. Faan noem hy sal die gras verskaffer kontak wat deur Tom gebruik is. Hy sal bevestig of dit steeds **R1.30 per bondel** gras is.

Hennie se dat Faan die kontaknommers moet bekom en self direk met die verskaffer moet kontak maak.

Faan bevestig dat die **woonstelle** se dak skoongespuite is en dat hulle besig is om dit te verf – dit is so driekwart klaar geverf.

Blackie bevestig weereens die **belangrikheid van n skedule maar ook 'n beraming** – sodat ons in die toekoms dit kan gebruik vir begroting doeleindes sowel as vir terugvoer aan die betrokke eienaars –

Dreine /Water

By eenhede **154/155** was daar 'n groot waterprobleem – dit is herstel – tot heel onder.

<p>Stormwaterpyp is dus nou herstel en is die water daar meer onder beheer.</p> <p>Pompstasie – Leandra versoek dat Faan die foto's (voor en na) van die pompstasie sal stuur.</p> <p>Faan noem die putte is oop en droog – niks vloei vanuit die pompstasie nie. Dit is ook binne en buite geveer. Hy het die stukkende "back-up" pomp (wat onder water was) ingegee en is dit herstel vir R3000. Faan noem van 'n pomp wat R11 000 kos – wat hy kan kry vir R7000 – deur mense wat pompe installeer by die myn . Andre se egter die huidige pomp werk 100% en met die regmaak van die "back-up pomp" sien hy nie die nodigheid vir nog 'n pomp nie. Dit sal April met die volgende vakansie gemonitor word. Dit word algemeen so aanvaar.</p> <p>Die sif by die pompstasie word bespreek en word besluit om eerder 'n stainless steel sif te laat maak – Faan sal die kwotasies in die verband deurgee – asook t.o.v die "strainer"</p> <p>Hennie versoek dat alles in die verband wat Faan gese het t.o.v. die pomp moet op skrif gesit word en deurgestuurd word aan LRE.</p> <p>Faan het 'n kredietnota gekry t.o.v. "fittings" en pype by die maatskappy wat hierdie aspek hanteer het. Die kredietnota, en wat hiermee gepaard gaan is aan Johan deurgegee vir die finansiele komitee.</p> <p>Daar is 'n hek aangebring by die pompstasie – was 'n ou hek wat rondgele het wat hulle skoongemaak het en opgesit het.</p> <p>Faan het die pyp wat na die pan bo gaan verleng. Die boonste droeë pan is toegegroeï – hy sal dit later oopsny. Andre stel 'n liliput sisteem voor en Faan moet hiervoor kwotasies kry.</p> <p>Elektries: Eenheid 136 se krag is afgesit. Hennie het dit aan Faan deurgegee om af te sit. Daar sal egter nie R500 gehef word nie.. Die eienaar moet die meter kom uitsorteer. Robby en Wentzel bevestig hierdie meter is foutief.</p> <p>Ligte by die kerk, swembad en hangbrug is</p>	<p>Faan</p> <p>Johan</p> <p>Faan</p>	
---	--------------------------------------	--

	<p>opgesit en bedank Sarel en Wentzel vir die hulp in die verband.</p> <p>Die hek by die hangbrug is herstel na Desember se vandalisme. Lig by die sekuriteitskantoor is ook vervang. Faan moes 'n elektriesien uitkry t.o.v die kragprobleem by die woonstelle.</p> <p>Swembad: Sand is vervang, swembad is leeggetap na baie klagtes, uitgewas en weer volgemaak – hy is nou skoon.</p> <p>Andre stel voor die pomp moet toegebou word - Faan het reeds 'n deksel gemaak om die pomp dan toe te sluit. Andre se dan kan die Wendy huisie wat bouvallig en onooglik vertoon, verwyder word.</p> <p>Leandra noem dat eenheid 44 se eienaar (Peter) genoem het dat hy met Faan kontak gehad het i.v.m. 'n beter chloorsisteem – wat glo baie goed kan werk. Faan bevestig dat hulle met mekaar hieroor sal gesels.</p> <p>Leandra vra oor die "Barb-wire" wat om die swembad is en gevaarlik is vir kinders – Andre en Faan bevestig dat hulle reeds in die proses is om dit te verwyder en te vervang. Leandra vra ook as daar ooit genoeg grond of "filling" is – of hulle nie die area om die swembad meer geleidelik kan opvul nie – hulle kyk na 'n oplossing vir hierdie aspek.</p> <p>Die groot swembad word bespreek. Hy is volgens inligting nie gekraak nie – hy hou die water wanneer dit gereen het – dit loop nie weg nie – staan vir lank – dit sal baie wonderlik wees as ons hierdie swembad kan herstel vir die eienaars. Andre se as hy dit geweet het, het hy nooit eers dat hulle die pomp skuif nie.</p> <p>Faan bevestig die reservoir het geen krake of erge skade nie alhoewel dit weer toegegroeï is nadat Tom dit oopgesny het. Die balke waarop die dak rus, sal dalk vervang moet word. Dit is huidiglik 'n broeiplek vir groen mambas, maar Faan verseker die komitee dat hy nie bang is vir slange nie en dit persoonlik sal uitsorteer.</p> <p>Oor die algemeen lyk dit goed by die reservoir.</p> <p>Faan noem dat hy 'n nuwe projek wil aanpak – dit sal die paaie wees wat een vir een gedoen</p>	<p>Faan</p> <p>Andre/Faan</p>	
--	--	-------------------------------	--

sal word – hy stel voor – eenrigtings, maar Andre en Robby se dat die verkeer op Anchors selfs in vakansietye nie so besig is dat ons eenrigtings hoef te he nie. Andre se ook dat dit die eienaars kan verontrief.

Faan noem dat hy die **paaie wil opgradeer na 2 spoor paaie**. Hy het by Wentzel 'n menger gekoop en wil met G5 klip en sement hierdie spore gooi. Hy gaan ook die blaaie van die ou karavaanpark gebruik tussen eenheid 1 en 15 om 'n bruggie te vorm – sodat water steeds onderdeur kan loop.

Hy het ook die **grensdraad** begin oopsny. Hennie se hulle moet ook reel dat die **brandbane** oopgesny moet word. – Faan se hulle is reeds hiermee besig.

Andre se die brief/versoek oor die wildevy boom van die bure - moet beantwoord word en hulle moet ingelig word dat hulle meer as welkom is om die **boom self te verwyder** – Anchors Aweigh gaan dit nie doen nie.

Faan noem die **water/damp probleem by eenheid 1 is uitgesorteer** – Leandra stel voor dat Faan 'n brief van die eenaar kry om te se dat hy gelukkig en tevrede is met die werk daar gedoen.

Faan se die **hek by die ingang** is vervang – die nuwe hekmotor is geïnstalleer –

Hy maak 'n voorstel dat die **ou hek** by Meisie oorgekoop moet word vir **R2000** – Andre en Robby ondersteun hierdie voorstel. Die ou hek sal dan onder by die skiboortklub opgesit word aangesien die bestaande hek vervalle is.

Andre verduidelik aan al die trustees die situasie van die inganghek en motor wat Desember afgery/beskadig is.

Blackie **komplimenteer Faan** se verslag en die feit dat die trustees te Anchors Aweigh as 'n **span saamwerk** ter verbetering van Anchors.

Faan noem dat **UGU 500 swart sakke** per maand vir Anchors Aweigh sal gee. Hy sal dit by hulle kantoor in Hibberdene kry – dit is nie nodig om dit op Port Shepstone te kry nie.

Andre verdaag die vergadering 12:30 vir middagete.

Faan

12:53 – vergadering terug.

Die **notule van die vorige vergadering 13 Oktober 2012** word aan almal uitgedeel, voorgehou en gelees. Andre noem spesifiek dat Pieter van Rooyen opnames van vorige vergaderings gemaak het, sonder die nodige toestemming, hy moes tydens die laaste vergadering nadat hy opnames gemaak het, dit binne 3 dae beskikbaar gestel het, wat nie gebeur het nie.

Hennie bespreek Punt 3 op die notule – **eenheid 59** is toe nie verhuur oor Desember om agterstallige lewies in te betaal nie – hulle het dit self oorbetaal.

Eenheid 33 sowel as 80 se onderverhuring word bespreek – sowel as **eenheid 141 se wasgoed, okkupasie deur baie huurders** - daar word besluit dat alle eenhede wat tydens die safari vergadering briewe ontvang het, opgevolg moet word – en weer briewe moet ontvang – indien regstellings nie gedoen is nie, sal die Body corporate dit doen en op hulle rekening plaas.

Leandra het met die eienaar van **eenheid 141** gepraat oor sy eenheid se probleem – dat daar so baie mense woon. Die taxi wat in die oord parkeer was ook onder bespreking. Andre se eenheid 141 se eienaar moet amptelik 'n brief kry.

Eenheid 76 se huurder (Frik) se Beach Buggie is terug nadat dit verlede jaar verwyder moes word – 'n brief moet aan hom uitgestuur word – om dit te verwyder – dit is 'n seer oog.

<p>12. 12.1</p>	<p>Algemeen Sekuriteit</p>	<p>Dirk</p>
	<p>Andre se die toegang tot die oord is te maklik. Hy stel "code-hopping" voor. Blackie stel die selfoonsisteem voor. Dirk se hy sal kwotasies kry vir die selfoon sisteem. Dirk kontak dadelik sy verskaffer omdat hulle op die perseel werksaam was en se hulle dit sal rofweg R15 000 kos om dit te installeer.</p>	
	<p>Blackie stel voor meer toegangsbeheer moet by die kantoor gedoen word – Leandra stel voor dat die eienaars dalk moet inboek by die kantoor sodat ons kan weet wie op die oord is – watter eenhede geokkupeer is.</p>	
	<p>Andre vra dat 4/5 trustees ondersoek moet instel rondom die sekuriteit en toegang en beheer van Anchors, - Robby, Wentzel, Dirk, Andre en Blackie sal dit hanteer. Dit moet op skrif voor die volgende vergadering aan LRE deurgegee word.</p>	<p>Robby Wentzel Dirk Andre Blackie</p>
	<p>Andre stel voor vakansie besoekers mag slegs 2 voertuie per eenheid he – 'n 3e voertuig moet 'n fooi betaal.</p>	
<p>12.2</p>	<p>Eenheid 36 se krag Afgehandel</p>	
<p>12.3</p>	<p>Bestuursagent – Leandra Real Estate Andre se die kontrak is nog nie onderteken nie – en vra die finansiële komitee of dit reg is of hy kan voortgaan met die ondertekening daarvan.</p>	<p>Andre</p>
	<p>Toestemming word verleen.</p>	
	<p>Johan en Leandra werk saam op Pastel – sodat die korrekte kodes gekoppel kan word soos versoek deur die finansiële komitee.</p>	<p>Johan</p>
<p>12.4</p>	<p>Tuindienste Die huidige tuindienste kontrakteur sny steeds nie die rugbyveld nie – slegs sekere gedeeltes.</p>	<p>Andre</p>
	<p>Andre se hy sal binne die volgende 2 weke nuwe kwotasies van ander tuindienste kry en dit afhandel.</p>	
<p>12.5</p>	<p>Boat Launchpad</p>	
	<p>The boat Launchpad is currently closed till</p>	

	<p>further notice by the council. Apparently we are not allowed to make use of it if we are not registered as a launch site.</p> <p>Andre maak 'n voorstel dat 'n klub in die verband gestig word. Robby wys hom daarop dat ons huidiglik slegs 3 eienaars is wat hiervan gebruik maak – Robby self, oom Pottie en Piet van eenheid 62 – en al 3 is huidiglik lede van Hibberdene skiboat club.</p> <p>Leandra versoek Andre om die brief wat hy per hand ontvang het – aan Leandra Real Estate deur te gee vir verdere ondersoek.</p>	Andre	
<p>12.6</p>	<p>Eenheid 165</p> <p>Leandra noem dat Prokureurs Van Zyl, Retief, Inc – genoem het dat hulle nie die eenheid van Robby van Wyk se persoonlike hoedanigheid kan registreer in die naam van Campatanchors cc met Robby van Wyk as enigste direkteur nie, aangesien Andre nie die dokumentasie wou onderteken nie.</p> <p>Andre se dat hy dit wel gese het, aangesien hy moeilikheid van die eienaars kan kry omdat dit 'n ander entiteit is – 'n Bespreking in die verband volg.</p> <p>Blackie se dit is nie 'n ernstige probleem nie – stel voor dat die Prokureurs net 'n addendum opstel om net die naam waarin die eiendom geregistreer word te verander – aangesien dit steeds dieselfde mense is en nog nie geregistreer is nie.</p>		
<p>12.7</p>	<p>Dirk vra hoe die karavaanpark aangaan en wat die moontlikheid is dat elke karavaan wat inboek 'n fooi sal betaal. Leandra se dat dit wel Desember goed gegaan het, maar dat dit huidiglik maar stil is. Blackie verduidelik dat Robby en Leandra dit nie moet sien as betaling van hulle persoonlike kant nie. Johan stel voor dat hulle 'n R100 moet vra as administrasiefooie vir Anchors Aweigh.</p>	Black	
<p>12.8</p>	<p>Andre vra vir Blackie om aan Sue van Status Mark te skryf om haar te bedank vir wat sy vir</p>		

	<p>Anchors Aweigh beteken het en vra die finansiële komitee om te kyk om vir haar 'n geskenk te gee.</p>		
--	--	--	--

The next trustees meeting will be held at Anchors Aweigh on 29/30 March 2013.
Andre thanked the trustees for the meeting and with no further business to discuss, the meeting adjourned at 13:42 pm.

.....
CHAIRMAN

.....
DATE